

DIE MERKWAARDIGE VERHAAL VAN TRÏN RAS

Uit die Afrikaanse kultuurgeskiedenis van die 17e eeu blyk dit dat ons baie min van die rol van die vrou weet. As vrou en moeder het sy ongetwyfeld 'n betekenisvolle plek ingeneem, maar dit is sover as wat ons kennis strek.

Wel kom die name van vroue in die geslags-, huweliks- en doopregisters voor, maar daar eindig dit. In hierdie opsig vorm TrÏn Ras 'n uitsondering; grepe uit haar veelbewoë lewe aan die Kaap word in verskeie van ons geskiedkundige bronne vermeld. Waar Duitse manlike immigrante aan die Kaap 'n alledaagse verskynsel was, was Duitse vroue wat kans gesien het vir die lang, vermoeiende seereis en die harde pionierslewe aan die einde daarvan, uiters skaars. TrÏn Ras was een van hierdie seldsame vroue. Haar merkwaardige verhaal begin in die jaar 1662.

Op 2 April 1663 skryf Pieter van der Stael, sieketrooster aan die Kaap, aan die Classis van Amsterdam 'n brief waarin die naam voorkom van „Catharina Ustincx van Lubeck, weduwe alhier g'arriveert, met het schip genoemt 't Hoff van Zeelant . . .”¹ Hierdie paar eenvoudige woorde prikkel die nuuskierigheid. Wie was Catharina Ustincx? Waarom het sy vrou-alleen na die Kaap gekom in 'n tyd toe 'n seereis 'n ware verskrikking was? Familie of vriende het sy waarskynlik nie aan die Kaap gehad nie.² Was dit uit avontuurlus dat sy die lang reis aangedurf het, of het dit voortgespruit uit die feit dat haar man haar op jeugdige leeftyd ontval het?³ Op hierdie vrae swyg die geskiedenis, maar die naam Catharina Ustincx — of later TrÏn Ras — verskyn wel 'n aantal kere in ons geskiedkundige bronne. Sy was nie bestem om haar lewe in rus en vrede te slyt nie.

Catharina Ustincx is blykbaar kort na haar aankoms, nl. op 3 September 1662 met die vryburger, Hans Ras, afkomstig uit Angel, getroud.⁴ Vroue was in daardie dae aan die Kaap — soos Simon van der Stel later sou skryf — „een seer gewilde en noodsaaklijke waar.”⁵

Enige hubare dame wat aan die Kaap aangekom het, het geen moeite ondervind om 'n eggenoot te vind nie. Hans Ras was al sedert Maart 1658 aan die Kaap, toe hy as soldaat in diens van die V.O.C. op die skip, „Het Wapen van Holland” aangekom het. Binne tien dae word hy vryburger.⁶ Hoewel hy in 1660 'n mislukte poging aangewend

1. C. Spoelstra: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika*, dl. I, p. 24
2. Ek kon geen bloedverwante van Catharina Ustincx aan die Kaap in J. Hoge se *Personalalia of the Germans at the Cape 1652-1806* opspoor nie en ook geen tydgenote afkomstig uit Lübeck nie.
3. Catharina moes betreklik jonk gewees het toe sy aan die Kaap gekom het, want sy trou vir die vyfde keer in 1680 en word die moeder van 'n dogter in 1681 — dus 19 jaar na haar aankoms aan die Kaap.
4. J. L. M. Franken: *Bydrage tot die Afrikaanse Kultuur- en Taalgeskiedenis in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6e jaargang, nr. 4, p. 155.
5. Kaapse Argief: *Uitgaande Brieven*, 29 Junie 1691, aangehaal deur J. L. M. Franken: *Die Franse Vlugtelinge III*, in *Die Huisgenoot*, 5 Februarie 1926.
6. E. E. Mossop: *Hans Ras — A Liesbeek Farmer*, in *Cape Times*, 9 April 1927.

het om met die retoervloot van die Kaap weg te kom, vind ons hom in 1661 as boer op sy eie plasië aan die Liesbeekrivier, net oorkant die V.O.C. se vrugteplaas „Rustenburg”, waardeur die pad na die nederstelling in Tafelbaai geloop het. Sy grond was dus in die „Groeneveld” of „Hermans Kolonie”. Sy naaste bure was Frans Gerritz aan die een kant en Herman Remajenne aan die ander. Verder af met die rivier het Thieleman Hendricx, afkomstig uit Utrecht, gewoon op vyftig morges grond, waarop die fortjie Coonrhop gestaan het.⁷ Hendricx en sy vrou Mayken, kon nie besonder aangename bure gewees het nie, want Thieleman het tevore alreeds die plaaskneg van die kommandeur met ’n mes gesteek en as verskoning aangevoer dat hy dronk was. Mayken was — soos later sal blyk — beslis geen dame nie. In hierdie omgewing sou Catharina haar intrek in ’n eenvoudige kleihuise met rietdag neem.

Op Sondag, 3 September 1662, trou Hans Ras met Catharina Ustinck voor die huwelikshof in die fort. Die bruidegom het twee waens gehuur om sy bruid en die huweliksgaste na sy tuiste te vervoer.

Een wa huur hy van Thieleman Hendricx en die ander van sy buurman Frans Gerritz. Hans en sy bruid het die eer om voor te ry met Thieleman as drywer. Catharina Ustinck — nou Trÿn Ras — het hierdie reis seker nooit vergeet nie. Die tweede wa van Gerritz dwing al om verby te steek, waarop Thieleman hom so vererg, dat hy en Gerritz mekaar aan die hare beet kry. Toe Gerritz uiteindelik tog verby kom, trek Thieleman sy wa en osse uit die pad en begin klippe optel, terwyl hy almal beveel om af te klim. Die vroue vlug, maar Hans en Trÿn bly sit. Hierop skel Thieleman vir Ras so woedend uit, dat lg. sy mes uit sy skede pluk. Thieleman gaan nou vir Hans met sy mes te lyf terwyl sy vrou, Mayken, die slagoffer aan die hare vashou! Hy dien Hans Ras twee steekwonde toe totdat die mes stomp afbreek teen lg. se ribbes.⁸

Trÿn Ras moes toe met ’n swaargewonde bruidegom haar nuwe verblyf betree. Hans Ras het egter nie beswyk nie, want in 1665 skenk Trÿn hom ’n seun, wat hulle Hendrick doop en in 1666 is die jong Nicolaas gebore. Drie jaar later word hulle ’n dogter, Maria, ryker en op 21 Junie 1671 is nog ’n seun, Johannes, gebore.⁹ In hierdie jaar het Trÿn Ras se lewensbootjie weer in stormagtige waters beland. Hans Ras het nl. gewelddadig aan sy einde gekom, want hy is deur ’n leeu verskeur.¹⁰ Trÿn was weer alleen, dié keer met vier jong kinders, in ’n ruwe en woeste omgewing. Lank het sy egter nie ’n weduwee gebly

7. *Op. cit.*, Vergelyk ook Kaart no. 52 in Böeseken e.a. se *Geskiedenis-Atlas vir Suid-Afrika*.

8. K.A.: Attestatiën 1652-1665, Vol. 1, pp. 244-246. Harman Remajenne, Claas Jacobsz en H. Dercksz het ’n verklaring afgelê oor die voorval, voor Hendrick Lacus, die sekretaris van die Politieke Raad. Ook te vinde in H. C. V. Leibbrandt: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, Letters Despatched 1652-1662*, 4 September 1662, p. 455.

9. C. C. de Villiers: *Geslagregister van die ou Kaapse Families*, omgewerk deur C. Pama, p. 753.

10. Rhee de tot Drakenstein, Hendrik Adriaan van, hier van Mydrecht: *Journal van zijn verblijf aan de Kaap*, medegedeeld door A. Hulshof, 1941, in *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap*, dl. 62, p. 149.

nie, want dit blyk dat sy op 16 April 1672 met Francoys Schanfellaar, afkomstig uit Gent,¹¹ getroud is. Hierdie huwelik was blykbaar kinderloos en ook van korte duur, want reeds die volgende jaar beswyk Schanfellaar nadat hy deur vyandige Hottentotte aangeval is.¹²

Trÿn Ras moes ongetwyfeld 'n aantreklike vrou gewees het, want reeds op 28 Oktober 1673 word sy met haar vierde man in die huwelik bevestig. Hy was Laurens Cornelisz, afkomstig uit Gottenburgh.¹³ Vir 'n aantal jare was daar rus en vrede in die huis van Trÿn en Cornelisz. Hulle het die ouers geword van twee dogters, Maria en Laurentian.¹⁴

Weer eens sou die ongeluk Trÿn tref. Haar man het op 'n seekoei-jag vertrek en sy het nooit weer taal of tyding van hom verneem nie. Die vermoede het bestaan dat hy deur olifante om die lewe begring is; geen teken van hom is gevind nie.¹⁵ Baron van Rheede sê in sy Joernaal: „Driemaelen was zij rijk, welgesteld en weder arm geweest”.¹⁶ Sy het nou ses kinders gehad om te versorg. Daar het feitlik sewe jaar verby gegaan voor sy weer aan trou gedink het. Hierdie keer was dit Matthys Michiel, haar plaaskneg, wat haar hart verower het. Hy kon nie lank by haar in diens gewees het as kneg nie, want ons weet dat hy in 1680 'n vryburger in Kaapstad was. Op 28 Januarie 1680 is hulle in die huwelik bevestig¹⁷ en op 19 Oktober van dieselfde jaar word hulle dogter, Anna Elisabeth,¹⁸ gebore.

Volgens De Bosdari het Trÿn Ras in 1683 in die Steenberge gaan woon op die plaas Zwaanswyk, vandag Steenberg.¹⁹ In 1685 tref Baron van Rheede hulle aan „aldaer onder den Steenbergh”.²⁰ Wat hy van Trÿn te vertel het, is heel interessant. Met die kenmerkende gasvryheid van die boere, kom sy en haar opgeskote dogter²¹ die geselskap tegemoet, „presenterende de vrugten van haren acker, bestaende in eenige seer schoone gesloote koolen, vars gebacken brood en wat radijs met een groot compliment”.²² Trÿn-hulle het betreklik afgesonderd gewoon op hul plasië van twaalf morge „goet Koorlandt” aan die voet van die Steenberge. Die naaste bure was vier uur te perd daarvandaan.

Dat Trÿn nie hulpeloos van geaardheid was nie, blyk uit Van Rheede se volgende opmerking: „Zij vloog schrijelingh op een paerd op een korten tijt nae de Caap en weerom heel alleen, en souw hebben imand doen schricken, die haer op den wech onbekent was, ontmoet.”²³

11. Franken: *t.a.p.*, p. 155.

12. Journaal van Van Rheede tot Drakenstein, p. 149.

13. Franken, *t.a.p.*, p. 155.

14. J. Hoge: *Personalia of the Germans at the Cape. 1652-1806*, p. 492. Laurentia is later getroud met Martin Mecklenburg, skoenmaker en vryburger.

15. Journaal van Van Rheede tot Drakenstein, p. 149.

16. *Ibid.*, p. 149.

17. C. C. de Villiers: *Geslagsregister van die Ou Kaapse Families*, omgewerk deur C. Pama, p. 577.

18. *Ibid.*, p. 577. Anna Elisabeth is later getroud met Johan Lorenz van Rostock.

19. C. de Bosdari: *Cape Dutch Houses and Farms*, p. 40.

20. Journaal van Van Rheede, p. 149.

21. Dit moes Maria Ras gewees het, gebore op 23.6.1669 en toe dus 16 jaar oud. Sy is later met Joost Strydom getroud. C. C. de Villiers, a.w., p. 753.

22. Journaal van Van Rheede, p. 149.

23. *Ibid.*, p. 149.

Geen wonder dat sy soveel mans oorleef het nie! „A stormy petrel”, noem De Bosdari haar.²⁴ Oor haar kinders het Van Rheede sy bedenkings gehad. Hulle was blykbaar bruin gebrand deur die warm Suid-Afrikaanse son en hy sê: „haer dogter konde gemackelĳk onder de Egiptiese waersesters passeeren. De rest van de kinderen waren bequam voor Brasiliaanse Tapoeijers.”²⁵ Hy voeg ook daaraan toe dat as daar nie onderwys en opvoeding aan hierdie mense verskaf word nie, hulle oor honderd jaar wilder as die Hottentotte sou wees. Die onderskeid tussen die afgesonderde boere en die Kapenaars moes dus al in 1685 merkbaar gewees het.

Nog een keer duik die naam van Trÿn Ras in die geskiedenisbronne van daardie dae op. Die plaas Zwaanswyk (vandag Steenberg), is in 1688 aan haar toegeken as die weduwee Ras.²⁶ Dit was vermoedelik dieselfde plaas waar baron Van Rheede haar in 1685 aangetref het. Sy was in 1688, so ver ons weet, nog met Matthys Michiels getroud. Dit wil voorkom of die plaas oorspronklik aan Has Ras behoort het, en nou aan haar toegeken is vir Ras se vier kinders.

(Mev.) C. Pretorius.

24. De Bosdari, *a.w.*, p. 40.

25. *Ibid.*, p. 149. Tapoeijers was 'n woeste Indië-stam in Brasilië, wat bekend was as mensvreter.

26. H. Fransen en M. Cook: *Old Houses of the Cape*, p. 38.